Beste kollegas

Terwyl ons vinnig op pad is na die laaste gedeelte van die 2024 akademiese jaar, besin ons oor ons reis vanjaar wat ons aanpasbaarheid weens verskeie redes getoets het. Veral die uitrol van SUNFin en SUNStudent het uitdagings ingehou, en hoewel hierdie oorgang unieke geleenthede vir groei gebied het, het dit ook aansienlike geduld van ons almal geverg. Ons is innig dankbaar vir elke lid van ons kampusgemeenskap vir die veerkragtigheid wat julle getoon het om hierdie veranderinge te navigeer, asook vir julle volgehoue verbondenheid tot die Universiteit se sukses.

Ter erkenning van julle toewyding kondig die Rektoraat graag 'n ex gratia-betaling aan vir personeel van die Universiteit Stellenbosch (US), soos hieronder uiteengesit:

- US-personeel sal 'n ex gratia-betaling van 2%, gegrond op hulle posvlak se basisvergoedingsvlak (BVV), ontvang. Die betaling sal in die September-salarisuitbetalings verskyn.
- Die betaling sal pro rata wees. Personeellede wat byvoorbeeld op 1 Januarie 2024 in diens van die US was, sal die volle 2% ontvang. Diegene wat op 1 September 2024 diens aanvaar het, sal vier maande van die 2% ontvang (dit word vir die tydperk bereken wat Desember 2024 eindig). Om te kwalifiseer, moet jy gedurende September aktief in diens wees.
- Die finansiering van hierdie ex-gratia-betaling sal sentraal gehanteer word en sal nie van kostesentrums af kom nie. Dit sal verseker dat US-personeel wat uit eksterne fondse gefinansier word, ook voordeel uit die ex gratia-betaling sal trek.

Sagte sluiting in Desember 2024

Ons wil ook lynbestuurders aanmoedig om personeel aan te spoor om op 23 en 24 Desember 2024 verlof te neem. Dit sal 'n welverdiende, verlengde blaaskans moontlik maak as voorbereiding vir die nuwe jaar. Let daarop dat hierdie twee dae as jaarlikse verlof aangeteken sal word en moet dienooreenkomstig in die verlofstelsel vasgelê word.

Weer eens baie dankie vir julle merkwaardige aanpasbaarheid, deursettingsvermoë en toewyding deur die jaar. Die mylpale wat ons in 2024 bereik het, is 'n direkte gevolg van ons gesamentlike pogings. Ons het saam die grondslag gelê vir voortgesette uitnemendheid by die US.

Saam vorentoe

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier
Universiteit Stellenbosch